REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Staatskoerant
# Government Gazette

**R0,80** Prys • Price
**R0,08** Plus 10% BTW • VAT
**R0,88** Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,10** Other countries
Posvry • Post free

Vol. 321 PRETORIA, 31 MAART / MARCH 1992 No. 13907

## GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

**No. 1002** **31 Maart 1992**

### SUID-AFRIKAANSE PADRAAD

NOORDKUS-TOLPAD (MTUNZINI–MARIEDAL-GEDEELTE): BEKENDMAKING VAN DIE TOLBEDRAE VIR DIE VERSKILLENDE KATEGORIEË VAN MOTORVOERTUIE, DIE TYE WAAROP DIE TOLPAD GEBRUIK MAG WORD EN DIE DATUM EN TYDSTIP WAAROP HIERDIE TOLBEDRAE BETAALBAAR WORD

Die Suid-Afrikaanse Padraad maak hierby, kragtens die bepalings van artikel 9 (4) (c) van die Wet op Nasionale Paaie, 1971 (Wet No. 54 van 1971), soos gewysig, bekend dat die tolbedrae wat hy kragtens artikel 9 (1) (b) van die genoemde Wet by die Mtunzini-tolplaza op die tolpad soos verklaar by Goewermentskennisgewing No. 371 van 1990 mag hef en die datum en tyd waarop die tolbedrae betaalbaar word, kragtens artikel 9 (4) (a) en 9 (4) (d) daarvan deur die Minister van Vervoer bepaal is en dat genoemde bedrae kragtens artikel 9 (4) (b) (ii) en (iii) daarvan gehef sal word soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

**C. F. SCHEEPERS,**
Voorsitter: Suid-Afrikaanse Padraad.

### BYLAE

**1. WOORDOMSKRYWING**

1.1 **"Motorvoertuig"** beteken 'n geheel bestaande uit een of meer meganies aangedrewe eenhede met of sonder sleepwa of sleepwaens wat fisies aan mekaar gekoppel is deur middel van sleepstange, sleeptoue of meganiese geleding en ook—

(a) 'n motorfiets;

(b) 'n motordriewiel; en

(c) 'n voertuig met pedale en met 'n meganies aangedrewe eenheid as 'n integrerende deel daarvan of daaraan vasgeheg en wat ontwerp of aangepas is om óf deur middel van sodanige pedale of deur middel van die meganiese eenheid óf deur albei voortbeweeg te word.



## GOVERNMENT NOTICE

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

**No. 1002** **31 March 1992**

### SOUTH AFRICAN ROADS BOARD

NORTH COAST TOLL ROAD (MTUNZINI–MARIEDAL SECTION): PUBLICATION OF THE AMOUNTS OF TOLL FOR THE VARIOUS CATEGORIES OF MOTOR VEHICLES, THE TIMES AT WHICH THE TOLL ROAD MAY BE USED AND THE DATE UPON AND TIME AT WHICH THE TOLL TARIFFS SHALL BECOME PAYABLE

The South African Roads Board hereby, in terms of section 9 (4) (c) of the National Roads Act, 1971 (Act No. 54 of 1971), as amended, makes known that the amounts of toll which it may levy in terms of section 9 (1) (b) of the said Act at the Mtunzini Toll Plaza on the toll road declared under Government Notice No. 371 of 1990, and the date and time at which the amounts of toll shall become payable, have been determined by the Minister of Transport in terms of section 9 (4) (a) and 9 (4) (d) thereof and that the said amounts shall be levied in terms of section 9 (4) (b) (ii) and (iii) thereof, as set out in the Schedule hereto.

**C. F. SCHEEPERS,**
Chairman: South African Roads Board.

### SCHEDULE

**1. DEFINITIONS**

1.1 **"Motor vehicle"** means an entity comprising one or more mechanically powered units with or without any trailer or trailers physically joined by means of tow bars, tow ropes or mechanical articulation, and shall include—

(a) a motor cycle;

(b) a motor tricycle; and

(c) a vehicle which has pedals and a mechanically powered unit as an integral part thereof or attached thereto and which is designed or adapted to be propelled by means of either such pedals or such mechanical unit or both.

1.2 **"Motorfiets"** beteken 'n motorvoertuig met twee wiele en ook enige sodanige voertuig waaraan 'n syspan geheg is.

1.3 **"Motordriewiel"** beteken 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n motorfiets met syspan, wat drie wiele het en ontwerp is om bestuur te word deur die tipe kontroles waarmee 'n motorfiets gewoonlik toegerus is.

1.4 **"Motorkar"** beteken 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n motorfiets of motordriewiel, wat ontwerp of aangepas is uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van hoogstens sestien (16) persone met inbegrip van die bestuurder.

1.5 **"Swaar as"** beteken 'n as waarvan die wiele toegerus is met bande met 'n grootte (spanranddeursnee) groter as 406,4 millimeter (16 duim), of 'n as met meer as twee (2) wiele, ongeag die bandgrootte, maar nie 'n as van 'n motorfiets, 'n motordriewiel of 'n motorkar nie.

## 2. KLASSIFIKASIE VAN MOTORVOERTUIE

***Kategorie 1: Ligte voertuie:***

Ligte voertuie is motorvoertuie, uitgesonderd swaar voertuie soos hieronder omskryf.

***Kategorie 2: Swaar voertuie:***

Swaar voertuie is motorvoertuie met minstens een swaar as, soos in paragraaf 1.5 hierbo omskryf.

## 3. TOLBEDRAE

3.1 Die tolbedrae betaalbaar by die Mtunzini-op- en afrittolplazas is soos volg:

(a) **Kategorie 1:** Ligte voertuie—**R0,75** per as met wiele in kontak met die padoppervlak tot en met 'n maksimum tol van **R3,00** (4 asse).

(b) **Kategorie 2:** Swaar voertuie—**R1,00** per as met wiele in kontak met die padoppervlak tot en met 'n maksimum tol van **R5,00** (5 asse).

3.2 'n Korting van 10 persent op die tolbedrae hierbo vermeld word toegestaan aan—

(a) alle persone of organisasies wat 'n minimum van R100 of die waarde van drie maande se tolpadgebruik, watter ook al die hoogste is, in 'n depositorekening gedeponeer wat deur die Departement van Vervoer goedgekeur is en wat hul rekeninge binne 30 dae na die einde van 'n maand van tolpadgebruik betaal, op voorwaarde dat die waarde van sodanige gebruik tussen R100 en R200 beloop;

(b) alle gebruikers wat 'n geldige debietkaart, uitgereik deur die Departement van Vervoer vir gebruik by die Mtunzini- op- en afrit-tolplazas, vir betaling aanbied, op voorwaarde dat die waarde van die tolpadgebruik waarvoor met die debietkaart betaal is in die kalendermaand waarop die korting van toepassing is, tussen R100 en R200 bedra.

3.3 'n Korting van 20 persent op die tolbedrae hierbo vermeld word toegestaan aan—

(a) alle persone of organisasies wat 'n minimum van R200 of die waarde van drie maande se tolpadgebruik, watter ook al die hoogste is, in 'n depositorekening gedeponeer wat deur die Departement van Vervoer goedgekeur is en wat hul rekeninge binne 30 dae na die einde van 'n maand van tolpadgebruik betaal, op voorwaarde dat die waarde van sodanige gebruik die bedrag van R200 oorskry;

1.2 **"Motor cycle"** shall mean a motor vehicle which has two wheels and shall include any such vehicle having a side-car attached thereto.

1.3 **"Motor tricycle"** shall mean a motor vehicle, other than a motor cycle with a side-car, which has three wheels and which is designed to be driven by the type of controls usually fitted to a motor cycle.

1.4 **"Motor car"** shall mean a motor vehicle, other than a motor cycle or a motor tricycle, designed or adapted solely or principally for the conveyance of persons not exceeding sixteen (16) in number including the driver.

1.5 **"Truck axle"** shall mean an axle the wheels of which are fitted with tyres of a bead seat diameter greater than 406,4 millimetres (16 inches), or any single axle with more than two (2) wheels irrespective of tyre size, but excluding any axle on a motor cycle, a motor tricycle or a motor car.

## 2. CLASSIFICATION OF MOTOR VEHICLES

***Category 1: Light vehicles:***

Light vehicles are motor vehicles, other than heavy vehicles as defined hereunder.

***Category 2: Heavy vehicles:***

Heavy vehicles are motor vehicles, with at least one truck axle as defined in paragraph 1.5 above.

## 3. AMOUNTS OF TOLL

3.1 The amounts of toll payable at the Mtunzini on- and off-ramp toll plazas shall be as follows:

(a) **Category 1:** Light vehicles—**R0,75** per axle with wheels in contact with the road surface up to and including a maximum toll of **R3,00** (4 axles).

(b) **Category 2:** Heavy vehicles—**R1,00** per axle with wheels in contact with the road surface up to and including a maximum toll of **R5,00** (5 axles).

3.2 A rebate of 10 per cent on the amount of toll specified above shall be granted to—

(a) all persons or organisations who deposit a minimum of R100 or the value of three months' usage of the toll road, whichever is the greater, into a deposit account approved by the Department of Transport and who settle their accounts within 30 days after the end of a month of toll road usage, provided that the value of such usage is between R100 and R200;

(b) all users tendering a valid debit card which has been issued by the Department of Transport for use at the Mtunzini ramp toll plazas, provided that the value of toll road usage for which the debit card has been tendered in the calendar month to which the discount applies amounts to between R100 and R200.

3.3 A rebate of 20 per cent on the amounts of toll specified above shall be granted to—

(a) all persons or organisations who deposit a minimum of R200 or the value of three months' usage of the toll road, whichever is the greater, into a deposit account approved by the Department of Transport and who settle their accounts within 30 days after the end of a month of toll road usage, provided that the value of such usage exceeds the amount of R200;

(b) alle gebruikers wat 'n geldige debietkaart, uitgereik deur die Departement van Vervoer vir gebruik by die Mtunzini- op- en afrit-tolplazas, vir betaling aanbied, op voorwaarde dat die waarde van die tolpadgebruik waarvoor met 'n debietkaart betaal is in die kalendermaand waarop die korting van toepassing is, die bedrag van R200 oorskry.

3.4 'n Korting van 20 persent op die tolbedrae hierbo vermeld word toegestaan aan alle gebruikers wat 'n geldige vlootbestuurskaart, uitgereik deur 'n bank en goedgekeur deur die Departement van Vervoer vir gebruik by die Mtunzini-tolplaza, of Transkard vir betaling aanbied. Die Transkard-Vlootkaart is 'n kredietkaart wat slegs vir die betaling van tol aangewend kan word en is van "First Auto" verkrygbaar.

3.5 'n Vaste maandelikse tolbedrag van **R40,00** wat vooruitbetaalbaar is en tolbetaling tot en met 60 ritte per kalendermaand deur 'n twee-as ligte voertuig dek, sal gehef word ten opsigte van ligte voertuigpendelaars of gereedle gebruikers wat die Departement Vervoer se maandelikse pendelaarkonsessiekaart aanbied.

**4.** Die Mtunzini–Mariedal-gedeelte van die Noordkus-tolpad sal 24 uur per dag vir alle verkeer oop wees.

**5.** Die datum en die tydstip waarop genoemde tolbedrae by die Mtunzini-tolplaza betaalbaar word, is **1 Junie 1992 om 14:00.**

(b) all users tendering a valid debit card which has been issued by the Department of Transport for use at the Mtunzini ramp toll plazas, provided that the value of toll road usage for which the debit card has been tendered in the calendar month to which the discount applies exceeds the amount of R200.

3.4 A rebate of 20 per cent on the amounts of toll specified above shall be granted to all users tendering a valid fleet management card issued by a bank and approved by the Department of Transport for use at the Mtunzini ramp toll plazas, or Transkard. Transkard is a credit card which can only be used for toll payment and can be obtained from "First Auto".

3.5 A fixed monthly toll fee of **R40,00** payable in advance and covering toll payment for up to 60 trips per calendar month by a two axle light vehicle, will be charged to two axle light vehicle commuters or regular users tendering the Department of Transport commuter concession card.

**4.** The Mtunzini–Mariedal section of the North Coast Toll Road shall be open to all traffic for 24 hours a day.

**5.** The date upon and the time at which the said amounts of toll shall become payable at the Mtunzini Toll Plaza shall be **1 June 1992 at 14:00.**


## THE ONDERSTEPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH

Die "Onderstepoort Journal of Veterinary Research" word deur die Staatsdrukker, Pretoria, gedruk en is verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, 0001, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die "Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal" wat terugdateer tot 1903 en waarvan 18 verskryn het tot 1932. Dit is gevolg deur 52 volumes van die "Onderstepoort Journal". Tans bestaan elke volume uit vier nommers wat teen R12,50 per kopie of R50 per jaar (BTW ingesluit) binnelands en R15 per kopie of R60 per jaar buitelands van bogenoemde adres posvry verkrygbaar is.

Direkteure van laboratoriums ens. wat begerig is om publikasies om te ruil moet in verbinding tree met die Direkteur, Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde, Pk. Onderstepoort, 0110, Republiek van Suid-Afrika.

## THE ONDERSTEPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH

The Onderstepoort Journal of Veterinary Research is printed by the Government Printer, Pretoria, and is obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, 0001, to whom all communications should be addressed.

This publication is a continuation of the Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal which date back to 1903 and of which 18 have appeared up to 1932. These were followed by 52 volumes of the Onderstepoort Journal. At present each volume comprises four numbers which are obtainable from the above address at R12,50 per copy or R50 per annum (VAT included) local or other countries R15 per copy or R60 per annum.

Directors of laboratories etc. desiring to exchange publications are invited to communicate with the Director, Veterinary Research Institute, P.O. Onderstepoort, 0110, Republic of South Africa.

# INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | |
| | **Vervoer, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| 1002 | Wet op Nasionale Paaie (54/1971): Suid-Afrikaanse Padraad: Noordkus-tolpad (Mtunzini–Mariedal-gedeelte): Bekendmaking van die tolbedrae vir die verskillende kategorieë van motorvoertuie, die tye waarop die tolpad gebruik mag word en die datum en tydstip waarop hierdie tolbedrae betaalbaar word ........................ | 1 | 13907 |


# CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICE** | | |
| | **Transport, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| 1002 | National Roads Act (54/1971): South African Roads Board: North Coast Toll Road (Mtunzini–Mariedal Section): Publication of the amounts of toll for the various categories of motor vehicles, the times at which the toll road may be used and the date upon and time at which the toll tariffs shall become payable ............... | 1 | 13907 |


Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 263, 267 of 269

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 263, 267 or 269